

HOOFSTUK III

3. Empiriese ondersoek na die twee skoolpraktikummodelle.

3.1 Inleiding.

In hierdie hoofstuk sal daar aandag aan die motivering en doel van die empiriese ondersoek geskenk word. Die beplanning en die verloop van die navorsing sal daarna bespreek word en die hipotese vir die empiriese ondersoek sal ook gestel word. Vervolgens sal die eksperimentele ontwerp en die beskrywing van die populasie vir die navorsing, behandel word.

Daar sal ook 'n uiteensetting van die ewekansige indeling van eerstejaarstudente in die eksperimentele- en kontrolegroepe gemaak word. Die gebruik van die voortoets, om die gelykheid van beide die eksperimentele- en kontrolegroepe se prestasies te bepaal, sal ook bespreek word. Daarna sal die probleme in verband met interne en eksterne geldigheid, sowel as 'n uiteensetting van die tweeledige navorsing, behandel word. Ten slotte sal die resultate van die twee skoolpraktikummodelle in tabelvorm weergegee word.

3.2 Motivering vir die empiriese ondersoek.

Avenant (1981:1) gee 'n goeie samevatting van die doelstellings vir praktiese onderwys, (Vergelyk paragraaf 1.1, hoofstuk 1) terwyl Gresse (1975:98-99) verwys na die dubbele-bodemprinsipe by die opleiding van onderwysers.

Ook Calitz (1980b:26) beklemtoon die noue samehang tussen teorie en praktyk en die wisselwerking wat daar tussen die instituutpraktikum en die skoolpraktikum in die opleiding van onderwysers behoort te bestaan. Calitz (1980b:27) verwys dan ook spesifiek na bepaalde vaardighede soos die handhawing van dissipline of die hantering van groepe leerlinge wat slegs in die skoolpraktyk inoefenbaar is.

Hieruit blyk dit dat dit algemeen deur onderwyskundiges aanvaar word dat die skoolpraktikumkomponent van 'n onderwysstudent se opleiding aansluiting by sy instituutpraktikumopleiding behoort te vind. By 'n hele aantal opleidingsinstitute in die RSA word die sogenaamde "blokperiode" vir praktiese opleiding tans gevolg. Navorsing het bewys dat hiërdie model effektief vir onderwysersopleiding is. Die navorser wil bepaal of daar 'n verskil tussen die prestasies in lesaanbieding, tussen 'n groep eerstejaarstudente

(eksperimentele groep) wat die "Woensdagpraktikum en Blokwaarneming"
 * skoolpraktikummodel volg en n ander groep eerstejaarstudente
 (kontrolegroep) wat die "Blokpraktikum en Woensdagwaarneming" **
 skoolpraktikummodel volg aan die Durbanse Onderwyskollege in 1983.

Dit is teen hiérdie agtergrond dat die "Advieskomitee vir Praktiese Onderwys" aan die Durbanse Onderwyskollege aan die navorser die opdrag gegee het om die empiriese ondersoek uit te voer in n poging om vas te stel watter van bogenoemde skoolpraktikummodelle die doeltreffendste opleiding sou bied aan eerstejaarstudente van die Kollege. Indien die empiriese ondersoek n voordeliger skoolpraktikummodel sou kon identifiseer, sou daar gepoog word om dié skoolpraktikummodel so gou doenlik te implementeer vir eerstejaarstudente.

Hiérdie navorsing is goedgekeur deur die Natalse Onderwysdepartement daar die empiriese ondersoek by dertien primêre skole wat onder beheer van die Natalse Onderwysdepartement staan, uitgevoer is.

* Met die "Woensdagpraktikum" word bedoel praktiese onderwys wat slegs op Woensdae plaasvind. (een-dag-per-week praktiese onderwys). Slegs evalueringslesse en nie gerigte waarneming nie, is op 8 Woensdae in die tweede kwartaal sowel as 8 Woensdae in die derde kwartaal aangebied. Die 2 Woensdae van natoets I sowel as die 2 Woensdae van natoets II is by bogenoemde 8 Woensdae van elke kwartaal ingesluit. (Vergelyk tydbalke B en C).

Met die "Blokwaarneming" word bedoel n bloktydperk van aaneenlopende gerigte waarneming. Slegs gerigte waarneming en nie evalueringslesse nie, is tydens n bloktydperk van 6 dae in die tweede kwartaal sowel as n bloktydperk van 6 dae in die derde kwartaal aangebied. (Vergelyk tydbalke B en C).

** Met die "Blokpraktikum" word bedoel n bloktydperk van aaneenlopende praktiese onderwys. Slegs evalueringslesse en nie gerigte waarneming nie, is tydens n bloktydperk van 8 dae in die tweede kwartaal sowel as n bloktydperk van 8 dae in die derde kwartaal aangebied. Die 2 dae van die voortoets sowel as die 2 dae van natoets III is by bogenoemde 8 dae van elke kwartaal ingesluit. (Vergelyk tydbalke B en C).

Met die "Woensdagwaarneming" word bedoel gerigte waarneming wat slegs op Woensdae plaasvind. Slegs gerigte waarneming en nie evalueringslesse nie, is op 6 Woensdae van die tweede kwartaal sowel as 6 Woensdae van die derde kwartaal aangebied. (Vergelyk tydbalke B en C).

3.3 Doel met die empiriese ondersoek.

Daar is reeds na die doel met hiërdie navorsing verwys in paragraaf 1.7 van hoofstuk I sowel as paragraaf 3.2 van hoofstuk 3.

Om saam te vat, die hoofdoel met hiërdie navorsing is om te bepaal watter een van die twee skoolpraktikummodelle, naamlik die "Woensdagpraktikum en Blokwaarnemingmodel" of die "Blokpraktikum en Woensdagwaarnemingmodel", die doeltreffendste opleiding aan eerstejaarstudente aan die Durbanse Onderwyskollege in 1983 bied. Hiërdie navorsing word uitgevoer in opdrag van "Die Advieskomitee vir Onderwyspraktikum" van die Durbanse Onderwyskollege. Dit word onderneem met die oog daarop om die doeltreffendste skoolpraktikummodel aan te wend vir die opleiding van eerstejaarstudente aan 'n onderwyserskollege.

3.4 Beplanning en verloop van die navorsing.

In hierdie paragraaf sal 'n volledige uiteensetting van die beplanning en verloop van die empiriese ondersoek gegee word.

Drie tydbalke om die verloop van die navorsing oorsigtelik voor te stel, sal hierna verstrekkend word.

TYDBALK A

TYDBALK OM ONDERSOEKVERLOOP VOOR TE STEL

DATUM	EERSTE KWARTAAL-1983	
26/ 1/83 - 28/ 1/83	Opleidingsprogram by Kollege	Ewekansige indeling van alle eerstejaarstudente in veertien onderwyspraktikumgroepe met n dosent as leier van elke groep. Verwys na Tabel 3.2
31/ 1/83 - 30/ 3/83		Al veertien onderwyspraktikumgroepe is betrokke by instituutpraktikum.
28/ 3/83 - 30/ 3/83		Die veertien onderwyspraktikumgroepe word ewekansig in twee groepe (R en S) verdeel tydens die laaste week van die eerste kwartaal. Verwys na tabel 3.3
DATUM	TWEEDE KWARTAAL-1983	
12/ 4/83 - 29/ 6/83	Opleidingsprogram by skole.	Die veertien onderwyspraktikumgroepe besoek die dertien primêre kontakskole van die Durbanse Onderwyskollege.
13/ 4/83 en 14/ 4/83	<u>Voortoets</u>	Onderwyspraktikumpunte in n Afrikaanse begripsles dien as voortoets vir beide die eksperimentele groep (Groep R) en die kontrolegroep (Groep S).
12/ 4/83 - 21/ 4/83		Eksperimentele groep (R) betrokke by blokwaarneming terwyl die kontrolegroep (S) betrokke is by blokpraktikum. Verwys na tydbalk B.
27/ 4/83 en 4/ 5/83	<u>Natoets I</u>	Onderwyspraktikumpunte in n Afrikaanse begripsles dien as natoets I vir beide die eksperimentele groep (Groep R) en die kontrolegroep (Groep S).
11/ 5/83 - 29/ 6/83		Eksperimentele groep (R) betrokke by Woensdagpraktikum terwyl die kontrolegroep (S) betrokke is by Woensdagwaarneming. Verwys na tydbalk B.
15/ 6/83 - 22/ 6/83	Kollegeprogram	Keuringseksamen vir eerstejaarstudente.
DATUM	DERDE KWARTAAL-1983	
27/ 7/83 - 31/ 8/83	Opleidingsprogram by skole.	Eksperimentele groep (R) betrokke by Woensdagpraktikum terwyl die kontrolegroep (S) betrokke is by Woensdagwaarneming. Verwys na tydbalk C.
7/ 9/83 en 14/ 9/83	<u>Natoets II</u>	Onderwyspraktikumpunte in n Afrikaanse begripsles dien as natoets II vir beide die eksperimentele groep (Groep R) en die kontrolegroep (Groep S).
19/ 9/83 - 26/ 9/83		Eksperimentele groep (R) betrokke by blokwaarneming terwyl die kontrolegroep (S) betrokke is by blokpraktikum.
27/ 9/83 en 28/ 9/83	<u>Natoets III</u>	Onderwyspraktikumpunte in n Afrikaanse begripsles dien as natoets III vir beide die eksperimentele groep (Groep R) en die kontrolegroep (Groep S).
DATUM	VIERDE KWARTAAL-1983	
12/10/83 - 31/10/83	Kollegeprogram	Vraelys gerig aan hoofde, onderwysers, dosente en studente wat by die navorsing betrokke was. Verwys na bylae 4.

3.4.1 Omskrywing van tydbalk A.

Tydens die opleidingsprogram by die Kollege vir die tydperk 26/1/83 - 28/1/83 is 'n ewekansige * indeling van alle eerstejaarstudente in veertien onderwyspraktykgroepe gemaak en 'n dosent is as leier vir elke groep aangewys. (Vergelyk tabel 3.2). Gedurende die tydperk 31/1/83 tot 30/3/83 was al veertien onderwyspraktykgroepe betrokke by die instituutpraktikum.

Volgens Calitz (1980a:12) bestaan 'n instituutpraktikum uit gesimuleerde en gereduseerde of eksperimenteel opgesette vorme van onderwyskundige situasies waarin die aandag toegespits word op die bereiking van spesifieke operasionele doelstellinge in verband met didaktiese vaardighede, tegnieke asook onderrigstrategieë.

Calitz & Nel (1979:4-5) toon aan dat 'n instituutpraktikum uit die volgende komponente kan bestaan: (1) lesbeplanning of lesontwerp; (2) leswaarneming en lesanalise; (3) mikro-onderwysessies aan medestudente as leerlinge; (4) mikro-onderwysessies aan skoolleerlinge; (5) interaksie-analise. (Vergelyk ook Krüger, Trümpelmann & Meerkotter, 1981:51-52). Tydens instituutpraktikum aan die Durbanse Onderwyskollege is bogenoemde komponente (4) en (5) weggelaat weens 'n gebrek aan tyd in die druk Kollegeprogram waarby eerstejaarstudente gedurende die eerste kwartaal betrokke is.

Bogenoemde opleidingskomponente wat as 'n instituutpraktikum aangebied word, is daarop ingestel om die teorie en die praktyk op 'n beplande wyse bymekaar te bring. (Vergelyk paragraaf 2.5 van hoofstuk 2).

Vanaf 28/3/83 tot 30/3/83 is die veertien onderwyspraktykgroepe ewekansig in twee groepe (R en S) verdeel tydens die laaste week van die eerste kwartaal. (Verwys na tabel 3.3).

Die veertien onderwyspraktykgroepe het dertien primêre kontakskole van die Durbanse Onderwyskollege tydens die tweede kwartaal van 1983 besoek (12/4/83 - 29/6/83).

* Die tabel wat vir ewekansige indelings en steekproeftrekkings gebruik is, staan bekend as: "Randomness and Random Sampling numbers". Dit is herdruk in: Introduction to Research in Education, deur Ary, Jacobs en Razavieh 1972.

Tydens 12/4/83 en 15/4/83 tot 21/4/83 was die eksperimentele groep (R) betrokke by die blokwaarneming terwyl die kontrolegroep (S) betrokke was by die blokpraktikum. (Verwys na tydbalk B).

Op 13/4/83 en 14/4/83 het die onderwyspraktykpunte in 'n Afrikaanse begripsles gedien as voortoets vir beide die eksperimentele groep (R) sowel as die kontrolegroep (S). (Vergelyk tydbalk B).

Die natoetspunte in die vak Afrikaans (Afrikaanse begripsles) is as 'n verdere vorm van kontrole gebruik. Afrikaans is as vak gekies omdat alle eerstejaarstudente evalueringslesse in die vak móét aanbied tydens onderwyspraktykbesoeke aan skole. Studente betrokke by die blokpraktikum en die Woensdagpraktikum se evalueringslesse onder andere, Afrikaanse begripslesse, is met behulp van 'n sewe-punt-evalueringskaal geëvalueer. (Vergelyk bylae 1). Studente betrokke by die blok- en die Woensdagwaarneming moes elke dag minstens een leswaarnemingsvorm voltooi. (Vergelyk bylae 2).

Studente in beide die eksperimentele- en kontrolegroepe het hul lesbeplanning gedoen op 'n vorm soos in bylae 3 vervat is. Laasgenoemde vorm is saam met die sewe-punt-evalueringskaal ingebind in 'n lessketsboek wat alle eerstejaarstudente moet aankoop.

Al veertien onderwyspraktykdosente was deeglik met die sewe-punt-evalueringskaal vertrouwd voordat enige evaluering gedoen is. Alle eerstejaarstudente was ook vertrouwd met die sewe-punt-evalueringskaal vir onderwyspraktyklesse. Beide onderwyspraktykdosente en eerstejaarstudente was ook vertrouwd met die leswaarnemingsvorm.

Die eksperimentele- sowel as kontrolegroepe het presies dieselfde leerinhoud hanteer tydens die opleidingsprogram by die skole. (Vergelyk tydbalke B en C).

Onderwyspraktykpunte in 'n Afrikaanse begripsles het as natoets I vir beide die eksperimentele- en die kontrolegroepe gedien. (27/4/83 en 4/5/83). Vergelyk tydbalk B.

Sedert 11/5/83 tot 29/6/83 was die eksperimentele groep (R) betrokke by die Woensdagpraktikum terwyl die kontrolegroep (S) betrokke was by die Woensdagwaarneming. (Verwys na tydbalk B).

Gedurende die tydperk 15/6/83 tot 22/6/83 was alle eerstejaarstudente betrokke by die Junie-keuringseksamen aan die Onderwyserskollege.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die veertien onderwyspraktyk-groepe sowel as hulle veertien praktikumdosente dieselfde skole en klasse besoek het tydens die tweede sowel as die derde kwartaal. Elke praktikumdosent het dus sy eie praktikumgroep studente vir 'n tydperk van twee kwartale by dieselfde primêre skool en by dieselfde klas besoek en geëvalueer.

Tydens die periode 27/7/83 tot 31/8/83 was die eksperimentele groep (R) betrokke by die Woensdagpraktikum terwyl die kontrolegroep (S) betrokke was by die Woensdagwaarneming. (Verwys na tydbalk C).

Gedurende die twee dae 7/9/83 en 14/9/83 het die onderwyspraktykpunte in 'n Afrikaanse begripsles gedien as natoets II vir beide die eksperimentele groep (R) en die kontrolegroep (S).

Vanaf 19/9/83 tot 26/9/83 was die eksperimentele groep (R) betrokke by die blokwaarneming terwyl die kontrolegroep (S) betrokke was by die blokpraktikum. (Vergelyk tydbalk C).

Tydens 27/9/83 en 28/9/83 is die laaste natoets afgelê naamlik natoets III. Soos in die geval van die voortoets en die natoetse I en II het 'n Afrikaanse begripsles ook as natoets III vir beide die eksperimentele groep (R) en die kontrolegroep (S) gedien.

Die leser moet daarop let dat wanneer die vier toetse met mekaar vergelyk word, naamlik die voortoets met natoets I; natoets I met natoets II; natoets II met natoets III en die voortoets met natoets III; gaan dit nie om die vergelyking van een Afrikaanse begripsles met 'n ander nie. (Vergelyk fig. 4.1 van hoofstuk 4). Slegs onderwysvaardighede soos geëvalueer tydens die voortoets en natoetse word met mekaar vergelyk soos hiërbo aangetoon word. (Vergelyk bylae 1).

Die doel van hierdie empiriese ondersoek was dus om te bepaal in watter mate die eksperimentele groep se skoolpraktikummodel dit wil sê die "Woensdagpraktikum en Blokwaarnemingmodel" óf die kontrolegroep se skoolpraktikummodel naamlik die "Blokpraktikum en Woensdagwaarnemingmodel", daarin geslaag het om die onderwysvaardighede van eerstejaarstudente positief te beïnvloed. (Vergelyk tydbalke B en C).

Daar moet dus bepaal word of die "Woensdagpraktikum en Blokwaarneming-model" óf die "Blokpraktikum en Woensdagwaarnemingmodel" óf albei daarin geslaag het om eerstejaarstudente se onderwysvaardighede positief te beïnvloed.

Tydens die voortoets en al drie die natoetse het die Departementshoof Opvoedkunde sowel as die navorser opgetree as kontroledosente. (Vergelyk tabelle 3.16 - 3.19).

Gedurende die tydperk 12/10/83 tot 31/10/83 is n vraelys aan skoolhoofde, onderwysers, dosente en studente wat by die navorsing betrokke was gerig. (Verwys na bylae 4).

TYDBALK VAN PRAKTIESE ONDERWYS (EERSTEJAARSTUDENTE) VIR DIE TWEDE KWARTAAL 1983				
	DAG EN DATUM	GROEP R	GROEP S	
— 6 Dae Blokwaarneming — (Groep R)	Dinsdag 12/4/83	Gerigte Waarneming	RELE	— 6 Dae Blokpraktikum — (Groep S)
	— V T. — Woensdag 13/4/83	AFRM Begripsles	AFRM Begripsles	
	Donderdag 14/4/83	AFRM Begripsles	AFRM Begripsles	
	Vrydag 15/4/83	Gerigte Waarneming	RELE	
	Maandag 18/4/83	Gerigte Waarneming	HIST	
	Dinsdag 19/4/83	Gerigte Waarneming	HIST	
	Woensdag 20/4/83	Gerigte Waarneming	GEOG	
	Donderdag 21/4/83	Gerigte Waarneming	GEOG	
— N T. 1. —	Woensdag 27/4/83	AFRM Begripsles	AFRM Begripsles	— N T. 1. —
	Woensdag 4/5/83	AFRM Begripsles	AFRM Begripsles	
— 6 Dae Woensdagpraktikum — (Groep R)	Woensdag 11/5/83	RELE	Gerigte Waarneming	— 6 Dae Woensdagwaarneming — (Groep S)
	Woensdag 18/5/83	RELE	Gerigte Waarneming	
	Woensdag 25/5/83	HIST	Gerigte Waarneming	
	Woensdag 1/6/83	HIST	Gerigte Waarneming	
	Woensdag 8/6/83	GEOG	Gerigte Waarneming	
	Woensdag 15/6/83	EKSAMEN (Geen skoolbesoek)	EKSAMEN (Geen skoolbesoek)	
	Woensdag 22/6/83	EKSAMEN (Geen skoolbesoek)	EKSAMEN (Geen skoolbesoek)	
	Woensdag 29/6/83	GEOG	Gerigte Waarneming	

L.W.
V T. : Voortoets
N T. : Natoets

Vakke wat tydens praktiese onderwys aangebied word

AFRM : Afrikaans
RELE : Godsdiensoonderrig
HIST : Geskiedenis
GEOG : Aardrykskunde

TYDBALK VAN PRAKTIESE ONDERWYS (EERSTEJAARSTUDENTE) VIR DIE DERDE KWARTAAL - 1983				
	DAG EN DATUM	GROEP R	GROEP S	
— 6 Dae Woensdagpraktikum (Groep R)	Woensdag 27/7/83	NATS	Gerigte Waarneming	— 6 Dae Woensdagwaarneming (Groep S)
	Woensdag 3/8/83	NATS	Gerigte Waarneming	
	Woensdag 10/8/83	MATG	Gerigte Waarneming	
	Woensdag 17/8/83	MATG	Gerigte Waarneming	
	Woensdag 24/8/83	ENGS	Gerigte Waarneming	
	Woensdag 31/8/83	ENGS	Gerigte Waarneming	
	— 6 Dae Blokwaarneming (Groep R)	N T. 2— Woensdag 7/9/83	AFRM Begripsles	
Woensdag 14/9/83		AFRM Begripsles	AFRM Begripsles	
Maandag 19/9/83		Gerigte Waarneming	NATS	
Dinsdag 20/9/83		Gerigte Waarneming	NATS	
Woensdag 21/9/83		Gerigte Waarneming	MATG	
Donderdag 22/9/83		Gerigte Waarneming	MATG	
Vrydag 23/9/83		Gerigte Waarneming	ENGS	
Maandag 26/9/83		Gerigte Waarneming	ENGS	
N T. 3— Dinsdag 27/9/83		AFRM Begripsles	AFRM Begripsles	
Woensdag 28/9/83		AFRM Begripsles	AFRM Begripsles	

L.W.: V T. : Voortoets

N T. : Natoets

Vakke wat tydens
praktiese onderwys
aangebied word.

AFRM : Afrikaans
NATS : Algemene Wetenskap
MATG : Wiskunde
ENGS : Engels

3.4.2 Beskrywing van tydbalke B en C.

In die beplanning van die eksperimentele opset waarin die Woensdagpraktikum met die blokpraktikum vergelyk word, moes talle logistiese probleme in aanmerking geneem word. Dit sou byvoorbeeld nie moontlik wees om die blokpraktikum en die Woensdagpraktikum gelyktydig te laat plaasvind nie, aangesien dit die kollegelesingprogram van eerstejaarstudente en senior studente sou ontwig. Daar moet in gedagte gehou word dat die onderwyspraktikumdosente wat eerstejaarstudente begelei het, ook betrokke was by lesings aan senior studente.

Die skoolprogram van die dertien primêre skole kon ook nie ontwig word deur studente en dosente van die eksperimentele- en kontrolegroepe op verskillende tydperke by skole te plaas nie. Beide groepe studente moes die skole dus gesamentlik besoek ten einde die minimum ontwinging van die skole se programme te veroorsaak. (Vergelyk tydbalke B en C).

Dit is ook logies dat 'n bloktydperk van byvoorbeeld twaalf dae skoolpraktikum uiters moeilik vergelyk kan word met die twaalf dae Woensdagpraktikum wat oor twaalf weke versprei is. Vir beide die opleidingsinstituut en die kontakskole sou dit onoplosbare logistiese probleme skep.

Om bogenoemde probleme uit te skakel, is twee skoolpraktikummodelle ontwerp, naamlik die "Blokpraktikum en Woensdagwaarnemingmodel" sowel as die "Woensdagpraktikum en Blokwaarnemingmodel". (Vergelyk tydbalke B en C).

Beide die eksperimentele groep (groep R) sowel as die kontrolegroep (groep S) kon dus gesamentlik die dertien primêre kontakskole tydens die tweede en derde kwartale van 1983 besoek. Sodoende is die kollege- sowel as skoolprogramme minimaal ontwig.

Hoewel dit by uitstek die doel van hierdie navorsing is om die twee skoolpraktikummodelle met mekaar te vergelyk, dit wil sê deur die voortoets te vergelyk met natoets III, kon daar ook ander interessante vergelykings getref word. (Vergelyk fig.4.1 van hoofstuk 4). Die eksperimentele ontwerp maak dit moontlik om die gerigte blokwaarneming van die eksperimentele groep (R) te vergelyk met die blokpraktikum van die kontrolegroep (S) tydens die tweede en derde kwartale van 1983. (Vergelyk V T. met N T. I in tydbalk B en N T. II met N T. III

in tydbalk C). Dit is ook moontlik om die Woensdagpraktikum van die eksperimentele groep (R) met die gerigte Woensdagwaarneming van die kontrolegroep (S) te vergelyk gedurende die tweede en derde kwartale van 1983. (Vergelyk N T. I in tydbalk B met N T. II in tydbalk C).

Tydbalke B en C toon dat beide die eksperimentele- en die kontrolegroepe die skole vir 'n tydperk van sestien dae in elke kwartaal besoek het, dit wil sê 'n totaal van twee en dertig dae vir die tweede en derde kwartaal gesamentlik. In elkeen van die twee kwartale was beide die eksperimentele- en die kontrolegroepe betrokke by ses dae skoolpraktikum en ses dae gerigte waarneming. Albei bogenoemde groepe was ook betrokke by voortoetse en natoetse wat oor vier dae gestrek het in elkeen van die twee kwartale. (Vergelyk tydbalke B en C).

Die leser moet in gedagte hou dat die veertien onderwyspraktykdosente se onderwyspraktykgroepe uit gemiddeld sewe tot tien studente per groep bestaan het. (Vergelyk tabelle 3.2 en 3.3). Elke onderwyspraktykdosent se studente is dus in gemiddeld vier tot vyf klasse geplaas in 'n primêre skool met hoogstens twee studente per klas. Indien 'n dosent 'n onewe getal studente het in sy praktikumgroep byvoorbeeld 7, sal hy in 3 klasse twee studente elk kan plaas en in die vierde klas slegs een student. Tydens 'n evalueringsles van laasgenoemde enkelstudent sal die praktikumdosent reël dat een van die ander ses studente wat dié dag nie 'n evalueringsles aanbied nie, optree as studentemaat en ook 'n kritiek skryf oor sy medestudent wat deur die dosent geëvalueer word. Enkelstudente word ook binne die praktikumgroep roteer om te voorkom dat een student pal sonder 'n medestudent in 'n klas funksioneer.

In die lig van bogenoemde is dit duidelik waarom twee skooldae geskeduleer is vir elke vak waarin evalueringslesse aangebied moet word. Praktikumdosente kon hoogstens vier tot vyf evalueringslesse per dag in 'n geskeduleerde vak hanteer, omdat hulle ook nog lesings moes aanbied aan senior studente by die Kollege. As gevolg van 'n verspreide stelsel van skoolpraktikum tydens die eerste, tweede en derde kwartale van 'n jaar, sluit die Kollege nie wanneer een of hoogstens twee jaargroepe (byvoorbeeld eerstejaar- en tweedejaarstudente) skole besoek nie. 'n Praktikumdosent het dus twee skooldae nodig om te verseker dat al sy eerstejaarstudente 'n evalueringsles in 'n geskeduleerde vak aanbied. Dit geld natuurlik ook vir die voor- en natoetse waar evalueringslesse in die vak Afrikaans aangebied moes word. (Vergelyk tydbalke B en C).

Die leser sal opmerk dat een dag skoolbesoek (12/4/83; tydbalk B) geskeduleer is vóórdat die voortoets afgelê is. Dit is gedoen om die eerstejaarstudente te help met hulle aanpassing in die nuwe skool-situasie en om die dosente te help met hulle begeleiding aan die studente. Die blokpraktikum van die kontrolegroep (S) het hoë eise aan sowel dosente as studente gestel, tydens die tweede en derde kwartale. Die kontrolegroep moes onmiddellik begin met evalueringslesse op die eerste dag van skoolbesoek. (12/4/83; tydbalk B). Vir 'n tydperk van agt skooldae in die tweede kwartaal sowel as agt skooldae in die derde kwartaal was dosente en studente van die kontrolegroep intensief betrokke by daaglikse evalueringslesse. Afgesien van die daaglikse evaluering van evalueringslesse moes dosente ook hulle studente help met die beplanning van die volgende dag se evalueringslesse.

Gedurende dieselfde tydperke wat die kontrolegroep besig was met die blokpraktikum, was die eksperimentele groep betrokke by die gerigte blokwaarneming. (Vergelyk tydbalke B en C). Tydens die gerigte blokwaarneming was die betrokkenheid van praktikumdosente slegs beperk tot 'n kort daaglikse besoek aan hulle studente om voltooid gerigte waarnemingsvorme (Vergelyk bylae 2) met hulle te bespreek en om moontlike probleme reg te stel. Praktikumdosente moes ook voortdurend daarop let dat geen student lesse tydens die gerigte waarnemingstydperke aanbied nie. Skoolhoofde en die personeel is ten volle met behulp van amptelike omsendbriewe met betrekking tot die eksperimentele opset rakende eerstejaarstudente ingelig. In dié amptelike inligtingstukke is bloot melding gemaak van Groep R en Groep S. Die begrippe eksperimentele- en kontrolegroepe is nooit genoem nie.

Tussen die twee tydperke van die blokpraktikum en die gerigte blokwaarneming word die tydperk van die Woensdagpraktikum en die gerigte Woensdagwaarneming aangetref. (Vergelyk tydbalke B en C). Die Woensdagpraktikum van die tweede kwartaal bestaan uit agt Woensdae, as die twee Woensdae van natoets I ingesluit word. Die gerigte Woensdagwaarneming bestaan uit ses Woensdae. Bogenoemde aantal dae stem ooreen met die agt blokpraktikum- en die ses gerigte blokwaarnemingsdae van die tweede kwartaal. Hiërdie uiteensetting van tydbalk B geld ook vir tydbalk C omdat beide tydbalke se uitleg feitlik identies was. Die leser moet daarop let dat daar op twee agtereenvolgende Woensdae in die tweede kwartaal (15/6/83 en 22/6/83) geen skoolbesoek plaasgevind het nie weens die eerstejaars se keurings-eksamen.

Die Woensdagpraktikum van die eksperimentele groep het begin tydens natoets I en het verloop oor 'n tydperk van agt Woensdae in die tweede kwartaal sowel as agt Woensdae in die derde kwartaal. Die Woensdagpraktikum is aan die einde van natoets II voltooi. Die gerigte Woensdagwaarneming het in aanvang geneem na natoets I en strek oor 'n tydperk van ses Woensdae in die tweede kwartaal asook ses Woensdae in die derde kwartaal. Laasgenoemde waarneming is afgehandel voor natoets II. (Vergelyk tydbalke B en C).

Die Woensdagpraktikum is moontlik minder veeleisend vir beide dosente en studente as die blokpraktikum. In teenstelling met die gekonsentreerde agt dae blokpraktikum is die Woensdagpraktikum beperk tot een Woensdag per week, versprei oor agt weke in 'n kwartaal. In die tweede en derde kwartale was daar dus in totaal sestien dae Woensdagpraktikum wat oor sestien weke versprei is. Die gerigte Woensdagwaarneming van die kontrolegroep volg dieselfde rooster as die Woensdagpraktikum met dié verskil dat dit oor ses weke per kwartaal strek. Dus, is daar twaalf gerigte Woensdagwaarnemingsdae in totaal, wat oor twaalf weke in die tweede en derde kwartale versprei is. (Vergelyk tydbalke B en C).

Gedurende die Woensdagpraktikum en die gerigte Woensdagwaarnemingstydperk, het eerstejaarstudente elke week die normale kollegeprogram gevolg met die uitsondering van Woensdae, wanneer skole besoek is. Vir beide die Woensdagpraktikum en die gerigte Woensdagwaarneming is daar weekliks drie tutoriale periodes van veertig minute elk op die kollegerooster geskeduleer. Hiërdie periodes is vir die 9de periode op Maandag en Dinsdag en die 3de periode op 'n Donderdag geskeduleer. Die lesers moet daarop let dat bogenoemde tutoriale periodes geskeduleer is vir die Woensdagpraktikum op die gewone kollegerooster met die oog op voldoende begeleiding aan studente, sowel as vir remediëringsdoeleindes. In die eksperimentele opset (soos blyk uit tydbalke B en C) is genoemde tutoriale periodes ook aan die kontrolegroep tydens die gerigte Woensdagwaarneming toegewys.

Uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat praktikumdosente van die eksperimentele groep wat by die Woensdagpraktikum betrokke was, voldoende tyd gehad het om hulle studente te begelei met lesbeplanning en om waar nodig te remedieer. Praktikumdosente van die kontrolegroep wat by die gerigte Woensdagwaarneming betrokke is, het die tutoriale periodes vir die bespreking van studente se voltooië

gerigte waarnemingsvorms benut. Sodoende is laasgenoemde studente van wisselende onderwystegnieke en metodes van ervare en bekwame onderwysers bewus gemaak. Tydens die gerigte Woensdagwaarneming moes dosente ook toesien dat studente nie lesse vir leerlinge aanbied nie.

Die tydsduur van alle periodes van die dertien primêre skole wat aan die navorsingsprojek deelgeneem het, was 30 minute. Om skole nie te ontwrig nie en om verwarring te voorkom, is óf n eksperimentele groep, óf n kontrolegroep by n skool geplaas. Soos reeds genoem, het hiêr-die groepe by die skole slegs as Groep R óf Groep S bekend gestaan. By slegs een groot primêre skool is twee eksperimentele groepe geplaas omdat daar nie n veertiende Afrikaanse primêre skool binne bereikbare afstand van die Kollege af is nie.

3.5 Hipotese vir die empiriese ondersoek.

Die hipotese lui soos volg: Daar sal n verskil wees in die prestasies in lesaanbieding tussen n groep eerstejaarstudente (eksperimentele groep) wat die "Woensdagpraktikum en Blokwaarneming" skoolpraktikummodel volg en n ander groep eerstejaarstudente (kontrolegroep) wat die "Blokpraktikum en Woensdagwaarneming" skoolpraktikummodel volg aan die Durbanse Onderwyskollege in 1983.

3.6 Die eksperimentele ontwerp.

Ary, Jacobs & Razavieh (1972:244-246) beskryf die eksperimentele ontwerp wat vir hierdie navorsing gebruik is, soos volg:

"Design 5. Randomized Groups, Pretest- Posttest Design". Ary et al. (1972:242) verwys na hierdie tipe ontwerp as n ware eksperimentele ontwerp omdat daar vir elke eksperimentele groep n kontrolegroep is. Groepsongelykheid is sover moontlik uitgeskakel, omdat die proefpersone ewekansig aan die eksperimentele- en kontrolegroepe toegedeel is. Daar was ook geen sprake van eksperimentele mortaliteit gedurende hierdie navorsing nie. (Vergelyk paragraaf 3.7).

Die eksperimentele ontwerp wat vir hierdie navorsing gebruik is, kan skematies soos volg voorgestel word:

EKSPERIMENTELE ONTWERP

Hoe gekies	Groep	Voor- toets	2de Kwartaal (6 dae)	Na- toets1	2de Kwartaal (6 dae)	3de Kwartaal (6 dae)	Na- toets2	3de Kwartaal (6 dae)	Na- toets3
Ewekansig	R	(2 dae) Y1	x (Onafhanklike veranderlike) Blokwaarneming (6 dae)	(2 dae) Y2	x (Onafhanklike veranderlike) Woensdagpraktikum (12 dae)		(2 dae) Y3	x (Onafhanklike veranderlike) Blokwaarneming (6 dae)	(2 dae) Y4
Ewekansig	S	Y1	Blokpraktikum (6 dae) - (Tradisionele- praktikum)	Y2	Woensdagwaarneming (12 dae) - (Tradisionele waarneming)		Y3	Blokpraktikum (6 dae) - (Tradisionele- praktikum)	Y4

- Y1 = Evaluering by skole (13/4/83 - 14/4/83)
 Y2 = Evaluering by skole (27/4/83 en 4/5/83)
 Y3 = Evaluering by skole (7/9/83 en 14/9/83)
 Y4 = Evaluering by skole (27/9/83 - 28/9/83)
 R = Woensdagpraktikum en Blokwaarneming skoolpraktikummodel (Eksperimentele groep)
 S = Blokpraktikum en Woensdagwaarneming skoolpraktikummodel (Kontrolegroep)

In hierdie eksperimentele ontwerp is die Woensdagpraktikum en die gerigte blokwaarneming die onafhanklike veranderlike. Die afhanklike veranderlike is die vaardigheid of prestasie in lesaanbieding van studente by primêre skole, wat geïdentifiseer is as 'n telling (%) verkry deur middel van 'n evalueringsinstrument. (Vergelyk bylae 1). In dié verband maak Sax (1968:336) die volgende opmerking:

"Dependent variables often consist of test scores, although rating scales, interview responses, questionnaires, or direct observation schedules may also be used".

In hierdie navorsing is daar gebruik gemaak van 'n evalueringskaal (Vergelyk bylae 1) en 'n vraelys. (Vergelyk bylae 4). Met behulp van hierdie eksperimentele ontwerp word gepoog om te bepaal in watter mate die afhanklike veranderlike deur die onafhanklike veranderlike beïnvloed word.

3.7 Beskrywing van die populasie van die navorsing.

Die populasie van hierdie navorsing het bestaan uit alle eerstejaarstudente wat aan die Durbanse Onderwyskollege ingeskryf het in Januarie 1983. (Vergelyk tabel 3.1). Van die 125 eerstejaars wat aanvanklik in Januarie 1983 ingeskryf het, het slegs 11 studente die kursus gestaak in die eerste kwartaal.

Verdere kursusstakings van eerstejaarstudente het nie weer voorgekom in die 2de, 3de en 4de kwartale van 1983 nie. (Vergelyk Tabel 3.2). Daar was dus 114 eerstejaarstudente by die navorsing betrokke. Hierdie studente is in twee groepe verdeel, naamlik die eksperimentele- en kontrolegroepe met 57 studente in elke groep. Laasgenoemde groepe vorm dus die populasie vir hiêrdie navorsing. (Vergelyk tabel 3.3).

Van die 114 eerstejaarstudente was 40 mans (35%) en 74 (65%) was dames. Die 57 studente van die eksperimentele groep (Groep R) het bestaan uit 18 mans (32%) en 39 dames (68%). Die kontrolegroep (Groep S) se 57 studente is saamgestel uit 22 mans (39%) en 35 dames (61%).

Om in aanmerking vir toelating tot opleiding met die oog op die verwerwing van 'n eerste onderwysdiploma aan onderwyskolleges in Natal te kom, moet 'n kandidaat die Natalse Seniorsertifikaat of 'n gelykwaardige kwalifikasie behaal het en aan die volgende vereistes voldoen het:

1. Eerste Taal (Afrikaans) op die Hoër Graad (40%) geslaag het;
2. Tweede Taal (Engels) op die Hoër Graad geslaag het (33 $\frac{1}{3}$ %) of Tweede Taal op die Standaardgraad geslaag en minstens 40% behaal het;
3. Nog n vak op die Hoër Graad geslaag het;
4. n Groototaal van 900 punte behaal het. (Durbanse Onderwyskollege, Prospektus en Kursusse, 1981:4).

Die 114 eerstejaarstudente het almal aan bogenoemde vereistes voldoen en die gemiddelde ouderdom van die studente is 18 jaar. Die grootste persentasie naamlik (95%) van die studente is van Natal afkomstig terwyl slegs 5% uit ander provinsies buite Natal kom.

Daar is besluit om eerstejaarstudente vir die navorsing te gebruik omdat hulle nog geen vorige ervaring van onderwysersopleiding gehad het nie. Indien senior studente, dit wil sê, 2de, 3de of 4de jaarstudente vir dié navorsing gebruik sou word, bestaan die moontlikheid daar dat die ervaring wat hulle reeds opgedoen het, die navorsing kon beïnvloed. n Verdere rede vir die gebruik van eerstejaarstudente is die geleentheid wat dit tot verdere navorsing in verband met skoolpraktikummodelle met diéselwde populasie in dié studente se senior jare bied.

3.8 Uiteensetting van die ewekansige indeling van eerstejaarstudente in die eksperimentele- en kontrolegroepe.

Daar word in hierdie paragraaf verwys na 3 tabelle wat die ewekansige indeling van die studente in twee groepe (eksperimentele- en kontrolegroepe) duidelik stel.

Die konsep "ewekansigheid" word goed deur die volgende skrywers bespreek: Ary et al. (1972:162-164), De Wet, Monteith & Venter (1980:56-60), De Wet, Monteith, Steyn & Venter (1981:113-114), Haber & Runyon (1977:204-206), Lewis (1972:97-99) en Sax (1968:351-352).

Die tabelle vir die ewekansige indelings en steekproeftrekkings wat tydens hierdie navorsing gebruik is, kom in Ary et al. (1972:366-370) voor.

Vervolgens word die tabelle en die vertolking daarvan gegee.

TABEL 3.1

ALLE EERSTEJAARSTUDENTE INGESKRYF AAN DIE DURBANSE ONDERWYSKOLLEGE IN JANUARIE 1983

STUDENT	STUDENT NR.	STUDENT	STUDENT NR.	STUDENT	STUDENT NR.	STUDENT	STUDENT NR.
AS	001	EJ	032	MM	063	SC	094
AH	002	EC	033	MN	064	SM	095
AK	003	EM	034	MC	065	SD	096
BC	004	EV	035	MT	066	SJ	097
BE	005	GT	036	MF	067	SY	098
BL	006	GD	037	MW	068	SL	099
BJ	007	GG	038	NA	069	SF	100
BR	008	GA	039	NE	070	SW	101
BT	009	HM	040	NF	071	SN	102
BS	010	HE	041	OE	072	ST	103
CL	011	HR	042	OA	073	SE	104
CD	012	HA	043	OR	074	TD	105
CS	013	HJ	044	OK	075	TF	106
CA	014	HC	045	OJ	076	VW	107
DJ	015	HU	046	OP	077	VA	108
DA	016	HP	047	PA	078	VT	109
DC	017	JG	048	PK	079	VC	110
DR	018	JH	049	PJ	080	VL	111
DM	019	JL	050	PO	081	VH	112
DE	020	KZ	051	PM	082	VZ	113
DL	021	KM	052	PG	083	VM	114
DW	022	KR	053	PR	084	VV	115
DS	023	KL	054	PH	085	VE	116
DV	024	KH	055	PC	086	VS	117
DN	025	KJ	056	RE	087	VG	118
DY	026	LB	057	RC	088	VO	119
DG	027	LH	058	RA	089	VJ	120
DU	028	MA	059	RW	090	VR	121
DI	029	MG	060	RD	091	WM	122
DT	030	MJ	061	SA	092	WD	123
EA	031	MR	062	SR	093	WW	124
						WI	125

3.8.1 Tabel 3.1 toon alle eerstejaarstudente wat ingeskryf het aan die Durbanse Onderwyskollege in Januarie 1983. Die studente se vanne is alfabeties gerangskik en genummer 1 tot 125.

TABEL 3.2

EWEKANSIGE INDELING VAN DIE VEERTIEN ONDERWYSPRAKTIKUMGROEPE (26/1/83-28/1/83) VOOR DIE AANVANG VAN INSTITUUTPRAKTIKUM TYDENS DIE EERSTE KWARTAAL 1983

L.W. n Onderwyspraktikumdosent tree op as leier vir elke onderwyspraktikumgroep wat uit 7 tot 10 studente bestaan.

DOSENT	DOSENT NR.	STUDENT NR.
BD	01	23, 42, 47, 49, 50, 92, 93, 94, 106
DA	02	13, 35, 48, 60, 96, 104, 118
HS	03	04, 15, 34, 46, 71, 75, 81, 121
JG	04	20, 24, 30, 80, 82, 87, 89, 105, 116, 120
JP	05	17, 21, 28, 70, 72, 79, 109, 124
KM	06	16, 63, 76, 84, 108, 111, 125
NJ	07	03, 36, 38, 40, 52, 55, 62, 68, 110
PJ	08	25, 65, 74, 88, 99, 101, 103, 112
RJ	09	14, 27, 32, 43, 53, 61, 98
SG	10	01, 02, 05, 08, 22, 29, 85, 90, 102, 123
SM	11	07, 19, 44, 45, 59, 66, 67, 117
SP	12	11, 33, 51, 77, 83, 113, 114, 122
VY	13	06, 09, 26, 39, 41, 54, 56, 69
WS	14	10, 58, 78, 91, 97, 100, 115
		<u>L.W.</u> Student nr. 12, 18, 31, 37, 57, 64, 73, 86, 95, 107, 119 staak kursus in die eerste kwartaal 1983.

3.8.2 Tabel 3.2 verwys na die ewekansige indeling van die veertien onderwyspraktikumgroepe, voor die aanvang van die instituutpraktikum tydens die eerste kwartaal 1983. Hierdie tabel toon die samestelling van elke onderwyspraktikugroep en die dosent wat optree as leier van daardie groep. Die dosente se vanne is alfabeties gerangskik en genommer van 1 tot 14.

TABEL 3.3

EWEKANSIGE INDELING VAN DIE EKSPERIMENTELE- EN KONTROLEGROEPE

3.3.1 Ewekansige trekking van die sewe eksperimentele groepe uit die veertien onderwyspraktykgroepe (28/3/83-30/3/83)

ONDERWYSPRAKTYKDOSENT NR. EWEKANSIG GETREK: 03, 04, 05, 07, 09, 13, 14

L.W. Elke onderwyspraktykdosent nr. verteenwoordig 'n onderwyspraktykgroep wat nou 'n eksperimentele groep word.

3.3.2 Ewekansige indeling van die eksperimentele-en kontrolegroepe na die voltooiing van instituutpraktikum (28/3/83-30/3/83) maar voor die aanvang van skoolbesoek tydens die tweede en derde kwartale van 1983.

EKSPERIMENTELE GROEP - GROEP R (N=57)

DOSENT NR.	STUDENT NR.	STUDENT NR. KURSUS GESTAAK
03	04, 15, 34, 46, 71, 75, 81, 121	86
04	20, 24, 30, 80, 82, 87, 89, 105, 116, 120	
05	17, 21, 28, 70, 72, 79, 109, 124	12
07	03, 36, 38, 40, 52, 55, 62, 68, 110	
09	14, 27, 32, 43, 53, 61, 98	18, 64
13	06, 09, 26, 39, 41, 54, 56, 69	37
14	10, 58, 78, 91, 97, 100, 115	57

KONTROLEGROEP - GROEP S (N=57)

DOSENT NR.	STUDENT NR.	STUDENT NR. KURSUS GESTAAK
01	23, 42, 47, 49, 50, 92, 93, 94, 106	
02	13, 35, 48, 60, 96, 104, 118	119
06	16, 63, 76, 84, 108, 111, 125	73, 107
08	25, 65, 74, 88, 99, 101, 103, 112	31
10	01, 02, 05, 08, 22, 29, 85, 90, 102, 123	
11	07, 19, 44, 45, 59, 66, 67, 117	95
12	11, 33, 51, 77, 83, 113, 114, 122	

3.8.3 In tabel 3.3 word verwys na die ewekansige trekking van die sewe eksperimentele groepe uit die veertien onderwyspraktykgroepe sowel as na die ewekansige indeling van die eksperimentele-en kontrolegroepe na die voltooiing van instituutpraktikum. Hierdie tabel toon ook die samestelling van die eksperimentele- en kontrolegroepe duidelik.

3.9 Die toepassing van die voortoets om die gelykheid tussen die eksperimentele- en kontrolegroepe se prestasies te bepaal.

Met verwysing na die eksperimentele ontwerp soos uiteengesit in paragraaf 3.6 maak Ary et al. (1972:245) die volgende bewering:

"The main strength of this design is the initial randomization, which assures equivalence between the groups prior to experimentation; also, the fact that the experimenter has control of the pretest can provide an additional check on the equality of the two groups on the dependant variable y."

In aansluiting by bogenoemde bewering van Ary et al. is dit dus belangrik om eers vas te stel of die eksperimentele- en kontrolegroepe se voortoetsprestasies bykans gelyk is al dan nie, alvorens daar gepoog word om laasgenoemde groepe se toetsprestasies met mekaar te vergelyk. In tabel 3.4 word die eksperimentele- en kontrolegroepe se voortoetse in die vak Afrikaans met mekaar vergelyk. Die motivering vir die uitsluitlike gebruik van Afrikaans in voor- en natoetse is reeds in paragraaf 3.4.1 bespreek.

Uit tabel 3.4 en die vertolking daarvan in paragraaf 3.12.1 blyk dit dat die eksperimentele- en kontrolegroepe bykans gelyke prestasies in die voortoets behaal het.

3.10 Probleme in verband met interne en eksterne geldigheid.

Die eksperimentele ontwerp wat in paragraaf 3.6 bespreek is, oefen kontrole uit op die meeste nie tersaaklike veranderlikes wat 'n bedreiging vir interne geldigheid inhou, aldus Ary et al. (1972:245). Hiërdie kontrole is moontlik omdat 'n ewekansige indeling van die eksperimentele- en kontrolegroepe gemaak word. Die probleem met 'n eksperimentele ontwerp soos in paragraaf 3.6 bespreek is, is die faktore wat eksterne geldigheid bedreig. Wat die ontwerp betref, beweer De Wet et al. (1980:24) dat die bate van daardie ontwerp, naamlik 'n voortoets, ook terselfdertyd sy tekortkoming is. Volgens De Wet et al. (1980:12) is dit egter moeilik om beide eksterne en interne geldigheid te verseker omdat die faktore wat interne geldigheid bevorder, kan neig om eksterne geldigheid teen te werk.

Wat die onderhawige navorsing betref, is daar sover as moontlik gepoog om nie ter saaklike veranderlikes tot die minimum te beperk nie. Omdat die populasie van hierdie navorsing eerstejaarstudente is, het hulle

